
# POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS

## No. 36
## Die Baron van die Namib




Meiring Fouché

Hy rol en rol teen die duin af. Toe hy onder kom, vlieg hy op en storm voort. Hy is nou hier in 'n dun straat tussen twee duine. 'n Groot massa sand is nou tussen hom en die twee wat op hom geskiet het. Nou weet hy hulle is met 'n geweer gewapen. Op ses, sewe honderd tree kan hulle jou tussen die blaaie skiet. Nou besef die konstabel hoe belangrik sy maneuver is. Hoe magteloos die meisie is en hoe onmoontlik dit vir hulle twee is om voor hierdie twee agtervolgers uit te vlug.

Tussen hom en die dood en tussen hom en die gevangeneming van die meisie is daar nou net twee dinge—sy vindingrykheid en sy liggaamskrag.

Stofomslag: Chris du Plooy



## Hoofstuk 1

Aan die kant van die Namibwoestyn, omtrent drie kilometer vanaf die verbode diamantgebied, stryk die lang man met die geweer oor sy skouer onder die noordewind in. Hy is alleen hier in die kort, wit yl, gras van die woestynwêreld. Hy stryk kop vooroor want op ses honderd tree het hy die troppie springbokke gesien. Hy wou vir hom een skiet vir die pot.

Hy voel in 'n opgetoë stemming want hy besef dat hy nou ongeveer die stadium bereik het waar dit vir hom nie meer nodig sal wees om sy dae in eensaamheid en afsondering te slyt hier aan die kant van die woestyn nie. Dit is nou al omtrent sewe jaar dat hy hier werk. Nou het hy genoeg bymekaar gemaak om terug te keer na die beskawing en weer 'n normale lewe te voer.

Daar kom 'n glimlag om sy mond toe hy die diep insakking in die gelyk wêreld nader, waar 'n droë loop van die kant van die berge af deursny in die rigting van die duinewoesteny van die Namib. Hy is 'n kalm man, tevrede met sy lot, maar menige dag hier aan die kant van die Namib het hy al verlang na die geriewe van die beskawing, na geselskap, na gesellige verkeer met ander mense.

Hy bereik die kant van die diep insakking en net voordat hy in die sloep afsak, tel hy sy kop weer op en kyk in die rigting van die springbokke wat hom blykbaar nog nie gewaar het nie.

Dit is net toe hy in die sloep afgaan, en die sanderige bedding bereik, dat hy meteens botstil in sy spore vassteek.

Voor hom het 'n man verskyn. 'n Lang, skraal man wat anders lyk as ander mans.

Die kêrel met die geweer oor die skouer is heeltemal uit die veld geslaan. Dit is nie aldag dat 'n mens iemand hier in die woestyn raakloop nie. Hy kyk met nou oë na die vreemdeling wat so plotseling verskyn het. Waar sou hy dan gewees het? Blykbaar het hy onder die dwerghaakdoring uitgekom. Sou hy daar geskuil het?

Die lang wandelaar probeer die vreemdeling uitken maar met die

eerste oogopslag is dit vir hom duidelik dat hy die man in sy lewe nog nooit gesien het nie. Buitendien hy kan hom nie uitken nie, want oor die onderste deel van die man se gesig is 'n doek gebind. Blykbaar 'n rooierige nekdoek, sodat net sy oë daarbo verskyn.

Die kêrel kom reg op die jagter afgestap. Die jagter bly staan net waar hy is. Hy is so oorstelp dat hy tot geen beweging in staat is nie. Waarom sou die man sy gesig bedek? Iets koud steek deur die jagter en hy klem die loop van sy mauser stywer vas. Hy verwyder egter nie die geweer van sy skouer af nie. Hy dink nie daaraan om dit te doen nie. Hy hou die vreemdeling te stip dop.

Die vreemdeling kom tot drie tree voor hom. Toe steek hy vas.

,,Is jy Nico Versveld?'' vra die vreemdeling vir die jagter.

,,Ja, dit is ek,'' sê Nico Versveld ewe vriendelik. ,,Ek is Nico Versveld.''

,,Die prospekteerder?''

,,Ja, dit is reg. Mag ek vra wie jy is?''

,,Wie ek is, kom daar nie op aan nie,'' sê die vreemdeling.

,,Wat soek jy hier?'' vra Versveld. ,,Jy weet seker dat hierdie feitlik verbode gebied is.''

Die vreemdeling kyk met blink oë na Versveld. ,,Die verbode diamantgebied,'' sê hy, ,,is ongeveer ses kilometer hiervandaan. Ek het net soveel reg om hier te wees as jy, Versveld.'' Daar is iets onaangenaams, iets dreigends, iets manhaftigs in die stem van die vreemdeling.

,,Mag ek vra waarom jy 'n masker dra?'' vra Nico Versveld.

,,Dit is ook my saak,'' sê die vreemdeling. ,,Jy is blykbaar 'n baie nuuskierige man, Versveld.''

,,Nie juis nuuskierig nie,'' antwoord Versveld. ,,Maar ek vind dit vreemd dat 'n man wat hier in hierdie verlate deel rondloop, 'n doek oor sy gesig dra.''

Die man kyk skerp na Versveld. Versveld kyk skerp na hom. Hy probeer daardie oë eien. Die boonste deel van die neus, die





voorkop, die gelaatstrekke is sigbaar, maar dit is vir hom onmoontlik want die masker is te hoog opgeskuif. Net die oë, net die brug van die neus en 'n deel van die voorkop is sigbaar want behalwe dat die man die masker hoog opgetrek het, het hy weer sy jagtershoed laag oor sy oë getrek.

Meteens beweeg die man. Dit is 'n vinnige en seker beweging en toe Nico Versveld weer kyk, sien hy die swaar Luger in die man se hand blink. Die loop van die pistool is op hom gerig.

Nico Versveld kyk fronsend na die vreemdeling. ,,Wat is die bedoeling hiervan?'' vra hy.

Die kêrel lag. Dit is 'n kortaf, onaangename lag.

,,Waar is hulle, Versveld?'' vra hy. ,,Jy is 'n prospekteerder wat al lank hier bedrywig is. Ek weet die een en die ander van jou. Daarom het ek gekom om met jou te praat, om met jou 'n transaksie af te handel.''

,,My liewe man,'' sê Nico Versveld. ,,Ek weet nie wat jy praat nie. Wie is jy en wat is jy?'' Nico Versveld se stem is nou humeurig en kortaf. Hy is 'n geduldige man maar hy is ook 'n man wat soms sy humeur kan verloor. Hy is groot, sterk en openhartig. Hy is 'n eerlike man, padlangs, sonder enige kinkels en draaie. Hy het 'n reputasie. Dit is bloot as gevolg daarvan dat die administrasie van Suidwes-Afrika hom 'n konsessie gegee het om te prospekteer so naby die verbode diamantgebied. Daar is seker weinig mense aan wie so 'n konsessie toegestaan sal word, maar hulle vertrou Nico Versveld genoeg om dit aan hom toe te staan.

,,Ek wil nie baie met jou praat nie, Versveld,'' sê die indringer. ,,Ek vra jou, waar is hulle?''

,,Waar is wat?'' vra Versveld.

,,Die blink klippies, man. Moenie vir jou dom hou nie. Jy het tog heelwat blink klippies nie waar nie?''

,,Ek weet nie waarvan jy praat nie,'' sê Versveld. ,,Ek prospekteer hier vir sekere minerale. Waar kom jy daaraan dat ek

diamante het?"

Die man staan effens nader. Hy lig die rewolwer 'n weinigie.

,,Versveld," sê hy skerp, ,,ek het nie tyd om met jou te staan en redekawel nie. Ek het gekom om daardie blink klippies in die hande te kry. Moenie maak asof ek 'n kind is nie. Ek weet dat jy 'n hele aantal diamante uitgehaal het."

,,En waar hoor jy dit as ek mag vra?" wil Versveld weet.

,,Dit is my saak," sê die man weer met daardie onaangename kort lag. ,,Ons weet dinge van jou wat jy nie besef nie. Jy is nie so onbekend as wat jy jou verbeel nie, Versveld. Nou, sal jy so goed wees om die klippies aan my te oorhandig? Of, as jy hulle nie by jou het nie, om my te sê waar hulle is?"

,,Dis 'n mooi grap," sê Versveld. ,,Wat dink jy is ek, 'n swaap? Meen jy dat ek sewe jaar hier sal swoeg in eensaamheid in die hitte, en in die koue van die Namib, net om wat ek gevind het, sonder slag of stoot aan 'n vreemdeling soos jy te oorhandig? Dink jy dan ek is 'n skaap?"

Die man se oë vernou bo die kant van sy masker. ,,Daar is iets wat jy nog moet leer, Versveld," sê hy, ,,en dit is dat geen man met 'n gelaaide pistool kan redeneer nie. Ek het gekom om die diamante by jou te kry. Jy oorhandig hulle, of so nie, kom daar fout."

,,Met ander woorde," sê Versveld, ,,hierdie is 'n roof? Jy wil kom maai waar jy nie gesaai het nie. Is dit die posisie? Is dit waarom jy jou bakkies agter 'n doek toe het?"

,,Dit is korrek, Versveld. Beskou dit as 'n roof as jy wil. Jy kan dit beskou net soos jy lekker kry. Al wat ek wil hê is die diamante en ek is ook nie in die luim om verder met jou te praat nie. Kom, kom, Versveld, haal hulle uit, of as jy hulle nie by jou het nie, sê vir my waar hulle is. Jy moet een ding baie goed verstaan, Versveld. Ek is desperaat. Ek gee nie om wat ek doen nie, solank ek die diamante in die hande kry. Is dit heeltemal duidelik? En laat ek jou





waarsku. Hierdie pistool is gelaai. My vinger is aan die sneller. Jy kan dit self sien, Versveld. As ek moet skiet, sal ek skiet sonder om 'n sekonde te aarsel. Nou is daar eers iets wat jy moet doen. Gooi daardie geweer neer."

In die kop van Nico Versveld gaan baie dinge om. Daar is 'n woede in hom, 'n woede so intens dat hy lus kry om hierdie man met die geweerkolf in die aarde te slaan. Dit is 'n woede wat gebore word in die hart van 'n man wat sy hele lewe lank eerlik was. 'n Man wat hard gewerk het om bymekaar te maak wat hy het. 'n Man wat nog nooit 'n enkele sent van iemand anders geneem het nie. En nou word hy hier bedreig deur 'n rampokker met 'n doek oor sy gesig. Maar Versveld bedwing sy woede. Hy is nie alleen in die wêreld nie. Hy het 'n dogter. 'n Pragtige kind. Die trots en die vreugde van sy lewe. Dit is net die herinneringe aan sy kind wat dit vir hom moontlik gemaak het om so lank uit te hou in hierdie woeste verlatenheid. Dit is net die begeerte om vir haar iets bymekaar te maak, wat hom so aangevuur het. Wat hom die geduld gegee het om hier uit te hou en te werk in die omstandighede waarin hy gewerk het. In hierdie oomblik dink hy aan haar. En hy weet dat hy nie nou onversigtig of onverstandig mag wees nie. Hy moet nou dink en hy moet die regte ding doen.

Baie maal in sy lewe, gedurende die eensame aande wanneer hy in sy kamp na die sterre gelê en opkyk of wanneer hy geluister het na die singende wind van die Namib, of miskien bedags wanneer hy in die sweet van sy aanskyn gewerk het, het hy gedink aan 'n oomblik soos hierdie. Het hy daaraan gedink dat hy moet rekening hou met 'n oomblik soos hierdie, dat hy hom daarop moet voorberei. Hy dink nou weer daaraan.

As dit net hy was, sou hy hierdie man nou die nek ingeslaan het, wat ook al die resultate. Maar hy besef dat hy dit nie mag doen nie. Daarom lig hy die mauser en gooi dit van hom weg. Die geweer val met 'n sagte plof in die droë sand van die sloep.

,,So, dit is beter, Versveld,'' sê die vreemdeling. ,,Nou kan ons gesels. Nou kan jy my sê waar die diamant is. Of, as jy hulle by jou het, kan jy hulle aan my oorhandig.''

,,Kyk hier,'' sê Versveld. ,,Ek het baie jare gewerk om bymekaar te maak wat ek het. Moet ek dit nou aan jou oorhandig? Het jy dan geen genade nie?''

,,Versveld, jy moenie langer met my redeneer nie,'' sê die lang vreemdeling. ,,Gee my die diamante as jy hulle het, of ek skiet jou. En as ek jou geskiet het, sal ek jou in elk geval deursoek. Ek weet waar jou kamp is. As ek die diamante nie aan jou kry nie, sal ek eenvoudig na jou kamp gaan. Moenie dink ek bluf nie. Ek hou jou lankal dop, Versveld. Ek weet waar jou rook draai en waar jou tent staan.''

Nico Versveld kyk in die bek van die pistool vas. Die vreemdeling het dit hoër gerig sodat dit nou op sy kop gerig is. Reg op sy gesig. Hy kan ook sien hoedat die man se vinger om die sneller geklem is. Net 'n geringe beweging van daardie vinger en die skoot gaan af.

Daar is nog iets wat vir Versveld bevrees en magteloos maak. Dit is die dreigement van hierdie vent dat hy sy kamp sal gaan besoek. Dit is die laaste ding wat hy wil hê.

Daarom steek Versveld sy hand onder sy lyfband in. Hy maak daar iets los en toe trek hy die klein leersakkie uit en hou dit in die lug. Dit is 'n sakkie wat 'n oorlams ou Hotnot nog vir hom gemaak het van die vel van muskeljaatkat. 'n Pragtige stukkie handewerk.

Die vreemdeling kyk verwese na die sakkie wat Nico Versveld in die lug hou.

,,Hier is alles wat ek in sewe jaar uitgehaal het,'' sê Nico Versveld. ,,Jy dwing my om dit aan jou te oorhandig. Ek doen dit omdat ek geen keuse het nie. Soos jy sê, geen man kan met 'n gelaaide pistool redeneer nie. Maar van een ding kan jy baie seker wees vriend—eendag is eendag, sal ek jou inhaal en dan kry ek jou





jammer. Ek sal jou nek met my hande breek. Ek werk nie jare aanmekaar om dan alles wat ek bymekaar gemaak het aan 'n skurk en 'n lieplapper soos jy te oorhandig nie.''

Dit lyk asof die man Nico Versveld se woorde nie eens gehoor het nie. Sy hand skiet uit en hy ruk die sakkie uit Versveld se hand. Daar kom 'n glimlag op sy gelaat maar die is vir Versveld nie heeltemal duidelik nie. Al wat hy sien, is die vernouing van die oë en die plooitjies wat om die oë verskyn het.

,,Jy is 'n verstandige man, Versveld,'' sê die vreemdeling. ,,En tog is jy ook nie so verstandig nie. Jy dreig my. Jy wil my nek breek. Dit kan ek nie toelaat nie, Versveld. Dit sal my niks baat om 'n fortuin aan diamante te besit as jy my lewe bedreig nie.''

'n Paar oomblikke kyk hulle mekaar in die oë. Die vreemdeling sien die kille, diepe, onversetlike woede in die oë van Versveld. Hy sien die dreigement daar. Die vasbeslotenheid. Toe maak hy 'n gebaar met die pistool. ,,Nou kan jy maar gaan Versveld,'' sê hy. ,,Ek dink nie daar is iets verder wat ek met jou wil bespreek nie. Jy sal in die sloep opstap Versveld. Jy sal niks probeer nie, want dan skiet ek jou. Maak jouself uit die voete. Net so gou as jy moontlik kan en moenie daardie mauser probeer opgryp nie. Onthou, hierdie pistool is nog altyd op jou gerig en my vinger is nog steeds aan die sneller.

Nico Versveld draai stadig weg en begin aanstryk in die sloep op. Hy trap oor die mauser heen en hy weet dat hy nou moet doen soos vir hom gesê word.

In die sloep staan daar 'n hele aantal dwerg-haakdorings. Hulle word nie groot nie, want hulle kan nie. Daarvoor is die water wat met hierdie droë sloot afkom gans te min en is die tydperke tussen die waterlope heeltemal te lank. Tog is daar van die haakdorings wat byna so hoog is soos 'n man.

Nico Versveld stap voetjie vir voetjie met die sloep op en hy betrag die haakdorings aandagtig. Sy rug voel koud en daar is 'n

suising in sy kop. Hy is eintlik nie bewus van die beweging van sy liggaam nie. Daar is een feit wat hy in gedagte hou. Hy het so pas sy muskeljaatkatsakkie aan hierdie rampokker oorhandig. Hy het so pas gedreig dat hy die saak nie hierby gaan laat nie. Dit moet vir die vreemdeling van belang wees. Hy moet besef dat hy wat Nico Versveld is, tog iewers 'n ryding moet hê. Dat daar iewers 'n polisiestasie moet wees. En dat hy, Versveld, met die grootste spoed na daardie polisiestasie sal gaan om die saak te gaan aanmeld.

Dit is 'n dodelike situasie, dit besef Versveld. Hy het in daardie man se oë gesien dat hy heeltemal genadeloos en volkome roekeloos is. Hy het die waarheid gepraat toe hy gesê het dat hy desperaat is. 'n Man wat desperaat is, gee nie veel om vir die lewe van 'n ander man nie.

Versveld is nie alleen 'n intelligente man nie, maar hy is ook 'n goed ontwikkelde man. Hy het 'n kragtige liggaamsbou. Hy is in sy middeljare maar as gevolg van sy werksaamhede en sy metodes het hy die lewenskragtigheid, die flinkheid en die ratsheid van 'n man veel jonger as hy.

Die vreemdeling hou vir Versveld noukeurig dop terwyl hy wegstap. Daarom sien hy die oomblik toe Versveld beweeg. Die lang figuur slinger skuins agter 'n haakdoring in. Die volgende oomblik is hy weg. Met 'n inspanning van sy spiere het Versveld plotseling vorentoe en half skuins gespring. Toe stort hy agter die haakdoring neer. Hy spring op en hande-viervoet storm hy vorentoe. Hy glip agter die volgende haakdoring in, en so sit hy sy reis voort. Hy loop so wat hy kan en hy sorg dat hy buite gesig bly.

Op die oomblik toe Nico Versveld agter die eerste haakdoring platgeval het, het die vreemdeling vorentoe gespring en die mauser uit die sand opgeraap. Hy ruk die slot oop en kyk daarin. Toe stamp hy 'n patroon in die loop.

Hy ruk die geweer teen sy skouer. Hy kyk tussen die haakdo-





rings op, maar hy gewaar vir Versveld nie. Hy spring effens opsy. Beweeg omtrent vyf tree van sy staanplek af in die rigting van die wal van die sloep.

Seker vyftig tree hoër op maak die haakdorings oop.

Die vreemdeling sien dit en Nico Versveld sien dit. Hy het reeds die laaste haakdoring bereik net voordat 'n mens die kaal kol kry.

Versveld is ' man wat gewoonlik nie huiwer of hingel nie. Daarom vertoef hy net 'n oomblik agter die laaste haakdoring. Toe spring hy op en loop vir al wat hy werd is. Hy zig-zag heen en weer.

Die vreemdeling het die mauser stewig teen sy skouer. Hy probeer Versveld se beweging volg.

Net 'n fraksie van 'n oomblik kry hy Versveld onder die korrel.

Sy vinger word vinnig teruggeruk. Die mauserskoot klap plat hier in die sloep. Die klank daarvan word vasgehou. Maar die springbokke 'n entjie verder na die noorde, het die dowwe knal gehoor. Hulle tel die koppe op, toe gaan hulle aan die hardloop en hulle pronk wild en pragtig op die verlate vlakte.

Die vreemdeling het vir Versveld sien val. Hy kan skiet. Dit is een van die dinge wat hy met uitnemendheid kan doen. Toe die skoot knal, het hy gesien hoedat Versveld sy arms in die lug slinger, hoedat hy 'n oomblik vassteek, op sy voete kantel en vooroor slaan in die sand van die Namib.

Die vreemdeling wag nie om te sien wat die werklike lot van Nico Versveld is nie. Hy swaai om en slaan op die vlug. Hy het feitlik nog die hele namiddag voor hom. Hy wil hier weg want hy weet nie hoe ver daardie geweerskoot gehoor is en deur wie dit moontlik gehoor is nie.

Die sakkie met diamante is stewig in sy linkerhand vasgeklem en in sy regterhand dra hy die mauser van Nico Versveld.

Die man vlug al met die sloep af. Hy hardloop gebukkend want hy wil sover as moontlik buite sig bly. Dit is moontlik dat iemand Nico Versveld vergesel het op hierdie tog van hom.